Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

AUGUSTUS 2017

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

MINISTER BETREK JEUG BY TOERISMEKWESSIES

Die Nasionale Departement van Toerisme het in samewerking met die Overstrand Munisipaliteit, op 23 Junie 2017 'n Jeug Toerisme Imbizo in Zwelihle aangebied. Die Minister van Toerisme, Tokozile Xasa, het as deel van haar Jeugmaand-aktiwiteite die geleentheid benut vir interaksie met die gemeenskap, toerismestudente, voornemende jong entrepreneurs, vroue en belanghebbendes in die bedryf, wat teenwoordig was.

Die doel van die byeenkoms was ook om township-toerisme te stimuleer en 'n kultuur van plaaslike toerisme by gewone mense te skep. Die Minister was deur die Burgemeesterskomiteelid en portefeulje-voorsitter vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO) en Toerisme, Rdl Elnora Gillion, verwelkom. Sy het in haar openingstoespraak gesê, "Ons is geëerd om u vandag in ons midde te hê en ons waardeer u teenwoordigheid hier." Die raadslid het voorts die belanghebbendes, toerismestudente van Qhayiya, Blouvlag-beamptes, Fernkoof-veldwagters en Zwelihle Laerskoolhoof, Ntombizahele Booysen, verwelkom. Sy het ook beklemtoon dat gemeenskappe na toerisme as 'n ander middel moet kyk om ekonomiese geleenthede vir hulleself te skep. Toerisme manifesteer hom in geleenthede vir winsgewende verwisseling, waar inwoners hulleself kan bemagtig en volhoubaar kan wees. In haar hooftoespraak het die Minister gesê: "Toeriste word deur unieke ervarings en oorspronklike aanbieding aangetrek. Overstrand beskik oor 'n uiteenlopende produkreeks: natuurskoon, erfenis, kultuur, ens. wat vir verskillende markte verpak kan word", het Minister Xasa verduidelik. Sy het verder gesê "toerisme is nie volledig sonder mense, infrastruktuur en die natuur nie. Ons word ingelig dat toerisme grootliks tot die Bruto Binnelandseproduk (BBP) van hierdie gebied bydra en daarom moet dit bevorder en bewaar word."

Minister van Toerisme, Tokozile Xasa (middel), met WESSA Wildlife and Environment Society of South Africa se Blouvlag-strandbeamptes aan weerskante en die Kaapse Walviskus-Toerismebestuurder Frieda Lloyd (verregs).

By die Jeug Toerisme Imbizo is op die foto (van links na regs) Rdle Simphiwe Tebele en Vuyani Macota, Zwelihle Laerskoolhoof Ntombizanele Booysen, Rdl Elnora Gillion, Minister van Toerisme Tokozile Xasa, Rdl Andrew Komani, ODM Onderburgemeester Archie Klaas en Rdl Lindile Ntsabo. #WeDoTourism.

Sy het daarbenewens gesê: "Ons benodig 'n soliede basis van jong, goed-gekwalifiseerde mense wat met die nodige vaardighede toegerus is om tot bestuursposte te vorder, en om beter voorbereid te wees om sake-eienaars en entrepreneurs van die toekoms te wees. Ek rig 'n dringende versoek aan julle om met die munisipaliteit en my departement saam te werk, om te sien hoe julle talent aangewend kan word en om julle te help om die gewenste uitkoms vir julle en julle gesinne te verkry", het Minister Xasa gesê.

Die Zwelihle-gemeenskap het 'n beroep op die Minister en wykraadslede teenwoordig gedoen, om leiding oor die toeganklikheid van inligting en hulpbronne te bied, om hulle klein besighede te laat groei. Die Minister het die jeug aangemoedig om hulle waarde en vermoëns te erken en in hulle eie opleiding te belê. "Wees trots op wat jy het. Mense wil jou lewenstyl ervaar; hulle wil jou huis sien. Daar is 'n mark. Daar is 'n geleentheid om geld te maak. Toeriste wil iets koop om huis toe te neem".

"Ek wil julle aanspoor om voordeel te trek uit die geleenthede wat deur die regering aangebied word, om julle vaardighede uit te bou, om toegang tot opleidings-geleenthede te verkry en internskap- en werksgeleent-hede te soek, wanneer beskikbaar. As vandag se jeug, het julle die vermoë van keuse. Julle kan vandag die rigting van julle lewens kies, maar ook vir môre. Laat dit 'n wyse keuse wees - een waarmee jy jou eie lewe sal verbeter en die welstand van jou gesin en gemeenskap sal bevorder", het die Minister gesê. Ten slotte het die Minister die Overstrand Munisipaliteit aangemoedig om toerismevooruitsigte in die area te identifiseer, en dan saam met die nasionale regering te werk om hulle tot almal se voordeel te ontwikkel. Toerismebestuurder Frieda Lloyd het namens die Kaapse Walviskus, die gemeenskap aangemoedig om te verseker dat hulle produkte ontwikkel wat toeriste kan lok. "As daar 'n rede is vir toeriste om in Zwelihle te stop, sal hulle dit doen. Julle moet net verbeter op dit wat julle reeds het om aan te bied", het sy gesê.

As 'n kusstreek, fokus Overstrand op die ekonomiese geleenthede wat die oseaan bied. Benewens sy reputasie as die hoofstad van walvisbesigtiging, het die streek baie sakeskakels wat entrepreneurs as loopbaanopsies kan ontgin. Die jeug moet die ontwikkeling van produkte oorweeg wat die gapings kan vul en onbenutte gebiede ondersoek.

Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling-kantore

Kontak jou naaste PEO-kantoor gedurende kantoorure vir die nuutste inligting, opleidingswerks-winkels, asook ander geleenthede en programme.

Hermanus:
Myrtlestraat, Chantel by 028 313 8192

Gansbaai:
Munisipale Kantore, Yonela by 028 313 8333

Kleinmond:
Behuisingsdepartement, Lukhona by 078 578 4839

Hawston:
Thusong Sentrum, Eli by 072 899 9289

OVERSTRAND ONTVANG BEFONDSING VAN MINISTER VIR SPORTFASILITEIT

Die Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport, Anroux Marais, het amptelik op 4 Julie by 'n seremonie in Kaapstad, 'n seremoniële tjek ter waarde van R1,171 miljoen aan Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Rudolph Smith, oorhandig.

Die Overstrand Munisipaliteit het met die Hoërskool Hermanus, die Overberg Sportraad en die WP Hokkiefe-derasie 'n venootskapsooreenkoms gesluit om 'n Hokkie Akademie te ontwikkel wat deur alle belanghebbendes in area gebruik sal word. Die toegekende befondsing is geoormerk vir die voltooiing van die kleedkamers en klub-huisfasiliteite van die sintetiese hokkieveldontwikkeling wat reeds in aanbou is.

Die Burgemeesters van die Breedevallei en Mosselbaai munisipaliteite het ook tjeks van Minister Marais ontvang. Breedevallei het R100 000 ontvang om 'n lewensvatbaar-heidstudie vir die beplanning van 'n swembadfasiliteit in Zwelethemba te befonds, terwyl Mosselbaai R200 000 vir 'n nuwe netbalfasiliteit toegeken is. Die toegekende befondsing sal die onderskeie munisipaliteite help om sportontwikkeling en toegang tot gehalte sportfasiliteite in alle gemeenskappe in die Wes-Kaap te verseker.

Op die foto, by die oorhandigingseremonie, Is Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport, Anroux Marais (middel) met Overstrand se Burgemeester, Rudolph Smith en Burgemeesterskomiteelid vir Gemeen-skapsdienste, Rld Andrew Komani (regs).

GEEN MAKLIKE ANTWOORDE OM DWELMPROBLEME OP TE LOS NIE

DWELMBEWUSTHEIDSPROGRAM IN HAWSTON GEHOU - Ons Jeug is in Gevaar

Die Verenigde Nasies se jaarlikse Internasionale Dwelmbewusmakingsdag op 26 Junie, is 'n wekroep tot aksie vir alle lande om bewustheid oor die wêreldwye dwelmprobleem te skep. Die tema vir vanjaar se veldtog is Luister Eers. Om na kinders en jeugdiges te luister is die eerste stap om hulle te help om gesond en veilig op te groei en dus riskante gedrag te vermy.

Rdl Arnie Africa, die Munisipaliteit se Burgemeesterskomiteelid vir Beskermingsdienste, het op Maandag 27 Junie, in samewerking met Ann Wright, Bestuurder van die Sustainable Futures Trust (SFT), 'n dwelmmisbruik-bewustheidsoggend vir die inwoners van Hawston aangebied. Verskeie sprekers het die verband tussen dwelms en misdaad, gesondheidskwessies en wanfunksionele gesinne beklemtoon.

Met die fokus op die jeug, het die aanbieders almal daarop klem gelê dat groepsdruk, ontvlugting van pyn, trouma, armoede en verveling, daartoe gelei het dat kinders van so jonk as nege jaar dwelms en middels misbruik.

Voorkoming en behandeling is die sleutels tot positiewe resultate, en dit is elke gesin en die gemeenskap se plig om meer bewus te wees van wat hulle kinders doen en sê.

Dagga word volop in Hermanus gebruik en is 'n ingangsdwelm met baie korttermyn asook langtermyngevare, soos leerprobleme, paranoia, hallusinasies, lewerskade en abnormale gewigsverandering.

Tik (Methamphetamine) is gevaarlik en verslawend, en veroorsaak onomkeerbare skade aan die liggaam.

Alhoewel gomsnuiwery voorheen met jonger kinders verbind was, word dit nou meestal deur tieners en jong volwassenes gebruik. Die gebruik van inasemingsmiddels kan binne ses maande tot breinskade lei.

Alkoholmisbruik het 'n nadelige uitwerking op die breinfunksie en baie organe in die liggaam. Alkoholisme is nou die Overstrand se derde grootste gesondheidsrisiko.

Marinda Wright en Xavier Clarke van die Clive Prince Jeugbehandelingsprogram, het ouers ingelig omtrent dit waarvan hulle bewus moet wees en oor hoe gesinne sterk bande met hulle kinders kan vorm.

Op die foto is Marlinda Wright (links agter), Xavier Clarke, Nonopha Gama (links voor) en Ann Wright tydens die dwelmmisbruik-bewustheidsoggend

Rdl Elnora Gillion, Edmund Arendse van People Against Substance Abuse in Kleinmond en Marilyn van Rensburg van Hawston Gesondheid & Welsyn, het die belangrikheid van gesinsorg en geloof aangespreek by 'n kind wat met verslawingsprobleme sukkel. Kaptein Fadila September (SAPD) het die gehoor van haar ervaringe in die gemeenskappe vertel en hulle daaraan herinner dat die Polisie daar is om te help. André Olivier, Overstrand Munisipaliteit se regsadviseur, het die nuwe wette oor persoonlike daggagebruik vir volwassenes bespreek.

Ann Wright het haar dankbaarheid teenoor Rdl Africa en die Munisipaliteit uitgespreek, wat daartoe ingestem het om in samewerking met SFT 'n veldtog te voer om die welstand van Hermanus se kinders te verdedig, omdat hulle 'n veilige, gelukkige omgewing verdien waarin hulle kan floreer en produktiewe burgers kan word.

Snuif van inasemingsmiddels

Misbruik van snuifmiddels by jong kinders in Hermanus het toegeneem. Ouers en onderwysers word gevra om bedag te wees ten opsigte van hul kinders se gedrag aangesien die snuif van snuifmiddels besig is om 'n onrusbarende tendens te word. "Die gebruik van snuifmiddels is regtig erg onder laerskoolkinders en ons merk dit nou ook in hoërskole op", het Ann Wright, bestuurder van die Sustainable Futures Trust (SFT). Gesê. "Ouers leef in onkunde en ontkenning wanneer hy of sy oor dwelms gekonfronteer word. **WEES BEDAG** vir die tekens dat jou kinders moontlik dwelms gebruik. Raak bewus van enige verandering in die normale gedragspatrone en vertrou jou instink - voorkoming is beter as genesing," het sy bygevoeg.

Waarskuwingtekens:

- *Plastiek- of papiersakke wat 'n sterk reuk afgee*
- *Huishoudelike produkte wat wegraak*
- *Vlekke op moue, sakdoeke of dasse*
- *'n Sterk reuk in die persoon se asem*
- *Verkouesimptome wat nie beter word nie (loop neus en waterige oë).*

In die meeste gevalle sal mense wat snuifmiddels misbruik, dit in die motorhuis of onder die wasbak in die kombuis vind. Hulle is goedkoop en maklik bekombaar.

Snuifmiddels bevat chemikalieë wat gevind word in produkte soos in spuitkannetjies, skoonmaakmiddels, gom, verf, verfverdunner, naelpolitoer verwyderaar, amiel nitriet1 en aansteker-vloeistof (lighter fuel). Die word gesnuif of 'geblaas' om dronk of 'hoog' te voel.

Die middels kan in 'n plastieksak gespuit, in 'n bottel gegooi, of in 'n lap of mou geweek word voordat dit ingeasem of gesnuif word.

Hierdie middels beskik oor psigo-aktiewe (gemoedsveranderende) eienskappe wanneer dit ingeasem of gesnuif word. Hierdie middels word veral deur jong kinders en adolessente misbruik, en is die enigste klas van middels wat meer deur jonger kinders as tieners misbruik word. Nuwe gebruikers tussen die ouderdom van 9-14 jaar sal meer algemeen gom, skoenpolitoer, spuitverf, petrol en aansteker-vloeistof misbruik. Nuwe gebruikers tussen die ouderdom van 15 en 17 sal eerder 'n nitriet snuifmiddel misbruik - ook bekend as amielnitriet, metamfetamien (TIK) of 'knallers' (poppers).

Daar is geen veilige vlak van dwelmmisbruik nie. Die gevolge kan wissel afhangende van die mengsel en omdat hierdie snuifmiddels nie as dwelms beskou word nie, gebeur dit dikwels dat misbruik op 'n gevorderde stadium is wanneer die probleem geïdentifiseer word. Hierdie tipe dwelm is vrylik beskikbaar en goedkoop, maar die gevolge is net so gevaarlik en selfs meer dodelik as ander dwelms.

BEN SCHOEMAN TREE OP IN OVERSTRAND

Op Sondagmiddag, 20 Augustus, gaan Suid-Afrika se geliefde en internasionaalbekende pianis, **BEN SCHOEMAN**, die gaskunstenaar van OVERSTRAND ARTS/KUNSTE (OAK) wees. Hy het in 2016 die Huberte Rupertprys van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang, vir sy bydrae tot musiek in sy geboorteland. Schoeman sal werke van Bach, Schumann, Kodály, Tchaikovsky en Rachmaninoff uitvoer.

Die konsert sal in die Burgerlike Ouditorium in Hermanus plaasvind en sal om 15:30 begin. Vir besprekings, kontak die TOERISME-KANTOOR by 028 312 2629. Kaartjies is R140 elk en R60 vir studente. Vir meer besonderhede, kontak René du Plooy by 082 940 4238 of 028 312 1895

PLASTIEKVRYE JULIE EN *MEER*.....

Teen die tyd wat u hier lees, sal Plastiekvrye Julie amper verby wees, maar dis nie genoeg rede om u uitdaging vir hierdie jaar te laat vaar nie. Dalk het u nie besef dat Plastiekvrye Julie 'n wêreldwye program is, om mense aan te moedig om weer 'n slag ernstig op te let hoe hulle die hoeveelheid enkelgebruik plastiek in hulle lewens kan verminder nie?

Indien u wel uself uitgedaag het om afstand te doen van een van die 4 grotes - plastiekbottels, plastiekwinkelsakkies, plastiekstrooitjies of plastiek-koffiekoppies - welgedaan. Nietemin, soos wat die einde van die maand nader kom, hoekom nie u oorwinning verbeter deur die keuse te maak om nie nog 'n enkelgebruikte plasiekproduk te koop nie? Het u geweet dat 50% van alle plastiek wat wêreldwyd vervaardig word, enkelgebruikte plastiek is? Dit word eenkeer vir 'n paar minute gebruik en eindig dan op in die stortingsterrein of oseaan vir honderde jare. Hoe belaglik is dit? Ons herwinningskoerse wissel tussen 7% en 14%, so die beste ding om te doen is verseker om enkelgebruik plastiek uit jou lewe te sny.

Indien hierdie 4 grotes alreeds nie meer deel van jou lewe is nie, is daar verseker baie ander maniere wat jy kan aanwend om die gebruik van voorwerpe soos dit te verminder. Wat van houers in die kombuis waarin goed gebêre word? Vermy dit om plastiekhouers te koop, aangesien skadelike chemikalieë daaruit kan lek en die kos daarin kan besmet. Vervang stadig maar seker hierdie houers in jou kombuis met glas- of vlekvryestaalhouers. Indien jy byvoorbeeld by die supermark 'n keuse tussen grondboontjiebotter in 'n glas- of plastiekhouer het, kies altyd die glasopsie. Glas is inert en kan eindeloos herwin word, teenoor plastiek wat nie kan nie.

'n Ander idee is om koekies seep in plaas van vloeibare seep in plastiekhouers te gebruik. Jy kan selfs geld bespaar deur vloeibare seep in grootmaat te koop en klein glashouers te hervul, om minder plastiek te gebruik. Kyk in jou badkamerkassie vir produkte wat nie noodsaaklik is nie en wat met meer omgewingsvriendelike alternatiewe vervang kan word. Kies items wat van bamboes, glas, katoen en hennep gemaak is, eerder as plastiek en sintetiese veselstowwe. **Vir meer besonderhede kontak asseblief vir Fiona Matthes by die Facebook-skakel @rethinkthebaghermanus of per e-pos, Fiona.econatural@gmail.com**